DEEL 114 | WEEK 21 | 27 MEI 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# BRUG NA VEILIGHEID VIR INWONERS

ANDRÉ KOCK & SEUN/SON BK
Lewendehawe Afslaers & Eiendomsagента
Livestock Auctioneers & Estate Agents
FRANKFORT
LEWENDEHAWE BEMARKING
Ons kan in al u spesiale en stoetvee veilings, uit-die-hand transaksies en slagtingsbehoeftes voorsien.
Skakel gerus:
Malcom Kock - 082 333 0911
Gert Burger - 082 822 1952
Jacques Meyer - 076 691 0095
Bertus Linde - 079 679 1718

Heilbron Herald 058 852 3033 while stock lasts
Typek R85 per ream
Rotatrim R85 per ream
Smart Copy R80 per ream
Multi Office R75 per ream



Die nuwe tydelike brug tussen Sandersville en die bekende S-area van Phiritona, maak dit vir inwoners geriefliker om tussen die twee buurte te beweeg. Inwoners is steeds nie tevrede dat dit veilig is nie. Die struktuur is opgerig na die verdrinking van 'n 8-jarige dogtertjie vroeër vandeesmaand.

WW Civil Engineering word daarvan beskuldig dat hulle konstruksieterrein nie aan alle veiligheidsvereistes voldoen nie. Jacolene van Wyk, enkelma van die oorledene, het die Heilbron Herald meegedeel dat sy geen bystand van die maatskappy gekry het nie en net die Burgemeester van Ngwathe, raadslid Victoria de Beer, het gehelp met 'n bydrae tot die begrafnis.

Op Sandersville Community News se Facebookblad, sê 'n inskrywing van mnr. Willemse dat hulle die verwikkelinge van die brug met valkoë dophou en sal hulle seker maak dat die tydelike brug nie 'n permanente een word nie.

TRADING HOURS
Please note kitchen closes 1 hour before closing time.
EST.2021
OJ'S
ON LONGMARKET
BURGER SPECIAL
EVERY WEDNESDAY
2 X 150g CLASSIC BEEF BURGERS FOR ONLY R150.00
ADD ANY OF OUR GOURMET BURGER TOPPINGS FOR R25.00 EXTRA PER BURGER



Please note dishes are prepared in the kitchen with the following allergens: Peanuts, MSG, Gluten, Sesame, Tree Nuts
Follow us on @OJSONLONGMARKET
CALL US: 058 853 1310

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae – Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



BKB
www.bkb.co.za

# DA OPPOSES BILL

The Free State Province held a public hearing on the 26th of May in Parys on its controversial Local Economic Development bill, which the Democratic Alliance strongly opposes. “If this becomes law, it will cripple the Free State’s struggling economy and turn it into an economic wasteland,” Dr Roy Jankielsohn MPL, Free State leader of the DA, told Gazette. The hearings were scheduled to start at 10 am in the Forum Building.

The bill seeks to restrict the ownership and operation of many small businesses to SA citizens or permanent residents. These include general dealers, garment shops, spazas, hairdressers and greengrocers. It requires 30% of the goods stocked by retailers to be of local origin. Even the smallest trader would require a municipal trading licence. “Free State municipalities already find it hard to send out correct account statements, keep their parks clean and fill potholes in streets”, according to a DA councillor. “This bill would add lots of officials, every one of them causing more red tape with long delays and higher costs. For that reason, we will attend the hearings, and we will protest strongly against this bill becoming law.”

Dr Roy Jankielsohn, unfortunately, was not able to attend the hearing.

## COVID-19 OORSIG

| Munisipale Area | Dorp | 18 May '22 | 26 May '22 |
|---|---|---|---|
| METSIMAHOLO | Sasolburg | 11 047 | 11 208 |
| | Deneysville | 857 | 865 |
| | Oranjeville | 247 | 247 |
| MOQHAKA | Kroonstad | 7734 | 7770 |
| | Viljoenskroon | 1149 | 1155 |
| | Steynsrus | 210 | 213 |
| NGWATHE | Parys | 3094 | 3156 |
| | Heilbron | 1509 | 1523 |
| | Koppies | 1370 | 1372 |
| | Edenville | 212 | 213 |
| | Vredefort | 404 | 408 |
| MAFUBE | Frankfort | 1887 | 1898 |
| | Villiers | 673 | 675 |
| | Cornelia | 173 | 175 |
| | Tweeling | 388 | 389 |
| TOTAAL | | 30 954 | 31 267 |

# WHAT HAPPENS TO YOUR BODY WHEN YOU'RE SMOKING



*• Heilbron Clinic*

**20 Minutes after quitting**
The heart rate and blood pressure drop back to normal levels.

**12 Hours after quitting**
The level of carbon monoxide in the blood drops to normal.

**1 - 2 Weeks after quitting**
Circulation and lung function improve.

**1 - 9 Weeks after quitting**
Smoker "norms" like a constant cough and shortness of breath become less pronounced.

**1 Year after quitting**
The risk of getting coronary heart disease is half as high as a smoker's.

**5 Years after quitting**
The risk of contracting mouth, throat, esophagus and bladder cancers is halved.

**10 Years after quitting**
The risk of dying from lung cancer is half that of smoker's. Risk of getting pancreatic and larynx cancer also decreases.

**15 Years after quitting**
The risk of heart disease is equivalent to non-smoker's risk.

Some of us humans are known to have an addictive personality. There are many products like food or other devices that are designed to hook people in so that they will continue buying and using the product. Some of these can even be habit- inducing such as: Chocolate, Alcohol, Cigarettes.

Although you probably won't run into that many problems if you eat a lot of chocolate, the other two vices are quite habit-inducing and over time can become harmful to your health, particularly smoking if it's a daily habit. If you're a long time smoker or just starting out, there are a ton of things that change within your body that you might not even have noticed. So, when you decide to quit, your body goes through more changes. Here are things that happen to your body when you quit smoking and what they mean.

**1. BLOOD PRESSURE**
Although it can be difficult to make the decision to quit, it's the best option in the long run. Just 20 minutes after you put down your last cigarette, your pulse and blood pressure will begin to normalize.

**2. OXYGEN**
If you can make it up to eight hours without having a smoke, your body's carbon mono-xide levels will being to neutralize in the blood as well as the levels of oxygen.

**3. HEART ATTACK**
After 24 hours, the risks of a heart attack are severely lowered. See how much can change after just one day off of tobacco? Although your irritability levels might be rising by now, your body is beginning to cleanse itself.

**4. SENSES**
Something that you might not have noticed happening to you over the years of smoking, is that your sense perception decreases. After 48 hours off tobacco, you will notice your sense of taste and smell beginning to improve as your nerve ending start to regrow.

# *Uit die pen:*



## WEEK 21 VAN 2022

Ons is nogsteeds in die groot stad, London. Ons ry op die subway, klim by stasies af, ry roltrappe wat drie verdiepings hoog is. Ons eerste les is: Wanneer jy verdwaal, klim op die Yellow Line, want dié is ’n sirkelroete, so 27 kilometer lank, 36 stasies en neem net meer as 50 minute om die sirkel te voltooi. Iewers gaan jy weer by jou stasie verbykom as jy die eerste afklim gemis het. Sou jy jou trein misloop, hoef jy net langer as 8 minute vir die volgende trein te wag. (Ek moet twee keer terugloop na my hotelkamer omdat ek my kaartjie daar vergeet het.)

Ek verstom my aan die Britte se dissipline op die roltrappe: mens staan aan die regterkant sodat die haastiges aan die linkerkant kan verbysteek. Dit was die tweede les. Hou regs, nie links nie. Daar is ’n hele verhaal aan verbonde oor hoekom die staners aan die regterkant moet wees en die lopers aan die linkerkant. Iedergeval.

Ons gaan op ’n reënerige dag Chessington toe. Blykbaar die tuiste van Enid Blyton en Sir Bob Geldof. Ons het nie soontoe gegaan om vir hulle te gaan kuier nie, maar om op allerhande wipwaritte te onderneem.

Ek was my lewe lank nog bang vir goeters wat te vinnig beweeg en die gebrek aan vaste grond onder my voete, maar nadat ek die lang vlietuigrit oorleef het, besluit ek dat ek dit tog gaan waag. Ons ry eers met ’n beskaafde karretjie waarin daar so ses mense kan pas. Die karretjie is so drie tot vier meter bo die dieretuin-gedeelte van die pretpark en ons gesels heerlik terwyl ons karretjie stadig bo-oor die pretpark beweeg. Ons eet Engeland se Smarties wat heeltemal anders proe as dié wat ons in SA kry: dit was asof die gekleurde gedeelte (toe reeds geen kunsmatige kleursel en geursels in nie) meer vrugtiger proe as die Suid-Afrikaanse weergawes.

Maar toe raak ek meer avontuurlustig en gaan soek die Vampire. Dit is ’n metaalwurm met 24 hangende stoele, twee-twee langs mekaar, wat aan die bokant aan die staalkonstruksie vas is. Daar is geen vloer onder jou voete nie. Die enigste van sy soort buite die grense van Noord-Amerika.

Die rit is 670 meter lank (dit voel veel korter), met die hoogste punt ongeveer 21 meter bo die grond en ’n snelheid van 72 km/h. Jy word deeglik vasgemaak, mag geen veters of serpe in die pad hê nie en moet eers na al die veiligheidsmaatreëls luister. Intussen het dit begin reën met klein haelkorreltjies wat enige plek wat nie deur klere bedek is nie, seer piets. Kom ek om, so kom ek om, besluit ek.

Ek trek my baadjie se kappie oor my kop en gil my longe uit terwyl ons oor die toppe van bome swiep teen ‘n (baie!) haastige tempo. Die haelkorrels slaan teen die dele van my gesig wat uitsteek, maar later maak dit ook nie meer saak nie. Uiteindelik klim ek bewerig uit my stoel toe ons stilhou en lag vir myself. Een van die lekkerste ervarings nog!

Ons gaan Greenwich toe en ek staan wydsbeen oor die Oos-Wes lyn en iemand neem die tradisionele foto. Daar is ook afbeeldings van die tradisionele Britse “jaart”, voet- en duimmaat en die omsetting daarvan in sentimeters.

In die Koninklike Sterrewag stap ons met die steil wenteltrap na bo. Ons kyk verstom uit oor die Teemsrivier en stap deur Sir Christopher Wren se agtkantige kamer.

Ons sien die rooi Tydbal bo-op die dak van die sterrewag: wanneer dit 13:00 is, is die rooi bal bo aan die toring, en val dit na benede. Maar as daar te veel wind is, wag jy tevergeefs dat die bal val.

Ons stap weer met die steil wenteltrap na onder. Halfpad verloor ek my balans en gly met die laaste twee trappies na onder. Ek het skaars grondgevat of twee sekuriteitswagte storm op my af, een met die noodhulptassie naby. Hulle tel my versigtig op en ek lag weer wyebek. “Are you okay? Were you hurt?” met ’n dik Engelse aksent.

Nee, my ou, ek slaan maar so af en toe neer, dis heel normaal. En ek het geen gebreekte bene nie. Ek word met valkoë dopgehou waar ek ookal gaan en word amper deur hulle vergesel totdat ek by die sterrewag uitstap.

Ek stap van daar af na ‘n mark by Greenwich waar ek ‘n mooi silwer ring koop en ’n gehekelde hoed met wol binne-in wat ek terstond op my kop sit.

Ons stap onder deur die Teemsrivier tot aan die ander kant waar ons na die versperrings kyk wat in die rivier aangelê is. Ons gaan kyk na die boot, die Cutty Sark, wat sedert 1957 in Greenwich staan. Ongelukkig is die boot in 2007 ernstig beskadig in ’n brand.

Ons gaan kyk na die Old Royal Naval College, ’n spieëlbeeld-tweelinggebou ontwerp deur Sir Christopher Wren, teen die oewer van die Teems. Tussen die twee geboue is die Koningin se huis (Queen’s House) wat tussen 1616 en 1635 gebou is.

Ek staan verstom oor al hierdie stokou geboue wat steeds staan en onderhou word.

Ons gaan een aand na The Lion King kyk by die West End. Ek kan nie verstaan dat teaterproduksies vir jare draai, en daar nogsteeds lang rye in die straat staan van mense wat dit steeds wil kyk nie. Waar ek vandaankom, speel ’n produksie vir twee aande, en by die derde aand is daar net ’n afgewaterde gehoor.

Ek is verstom toe Lion King se diere vanaf die agterkant deur die gehoor beweeg: groot voëls op lang stokke wat stadig op- en af beweeg soos wat dit tot by die verhoor “vlieg”.

Ons gaan na Tower Bridge toe en bekyk die kroonjuwele in die Tower of London. My mond hang oop vir sulke weelde!

Maar ons was nie daar vir ’n lang vakansie nie, ons moes hier en daar ook gewerk het, en daarvan vertel ek volgende keer.

WINKELURE
Herald
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033
Office National

# NINA DOEL VIR DIE VRYSTAAT



*Nina Booysen is gekies vir die O/18 Vrystaat Cheetah netbalspan. Hierdie span gaan aan die Telkom Junior Netball Championship deelneem vanaf 10-15 Julie 2022 in Witbank. Hoërskool Heilbron is baie trots op haar.*

# SANBS NOOI DIE GEMEENSKAP VAN HEILBRON OM BLOED TE SKENK

**Dinsdag 31 Mei 2022**
**Heilbron Spar**
**11:00-17:00**

SANBS doen 'n beroep op alle skenkers, veral skenkers wat nie in die afgelope paar maande bloed geskenk het nie, om asseblief die tyd te neem om bloed te skenk, asook op nuwe skenkers wat aan die minimum vereistes voldoen, om 'n bloedskenker te word.

SANBS het slegs 40 eenhede bloed in Heilbron hierdie maand ingesamel, met 'n doelwit van 65 eenhede bloed. SANBS wil graag alle bloedskenkers aanmoedig om die laaste bloedskenk in Heilbron vir hierdie maand te ondersteun deur 'n eenheid bloed te skenk.

Om 'n bloedskenker te word, moet jy:
- Tussen die ouderdom van 16-75 wees
- Meer as 50 kg weeg
- Gesond wees op die dag van skenking.

Skenk bloed.
Bloed red lewens.




SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk:

*Op die foto Nico Janse van Rensburg.*

# VEROWER EERSTE PLEK

Rianka Labuschagné, inwoner van Petrus Steyn en eienaar van die salon Ini'Hartjie, het onlangs aan die "Photographic Nail Art" kompetisie deelgeneem by die Bio Sculpture Expo 2022 by Monte Casino. Sy het die eerste plek verower in die tema "Flaunt those Florals". Rianka doen al 10 jaar naels, haar werk is merkwaardig en die eerste plek kom haar beslis toe.



## Gemeenskapsnuus













# GHOLF- EN FEESDAG 'N GROOT SUKSES

NG-Suid Gemeente het Saterdag hulle jaarlikse Basaar/gholfdag gehad en dit was beslis een vir die boeke.

Die oggend het afgeskop met stalletjies en 'n heerlike ontbyt vir die gholfers, waarna hulle afgeslaan het. Die middag het die vroue van die kerk 'n heerlike kerrie en rys voorgesit.

'n Steak-ete was die aand bedien waarna die aand se vermaak na baie groot afwagting begin het. Lisa Brönner het die verhoog geopen waarna Ricus Nel en Danny Smoke oorgeneem het. Ongeag van die koue weer het die mense dit vreeslik geniet. Mev Magda van der Merwe vertel dat hulle later die aand nog stoele moes indra vir mense wat kaartjies by die deur gekoop het. Dit was 'n aangename aand en baie suksesvol. Die gemeenskap kan nie wag vir die volgende NG-kerk funksie nie.







# HEILBRON KORT 'N BUURTWAG SÊ AFRIFORUM



*Op die foto bo verskyn van links na regs Alta Pretorius, Joseph Renaud en Gerrie Muller.*

AfriForum het Dinsdag 24 Mei 'n inligtingsvergadering by die gholfklub aangebied. Joseph Renaud, veiligheidstreekshoof van die sentrale gebied, het die ongeveer 30 mense wat teenwoordig was ingelig oor die werking en voordele van 'n AfriForum Buurtwag. Enige persone wat graag wil aansluit en 'n gedragskode wil invul kan Gerrie Muller kontak by 083 620 7018.



# 0/7 BULLETJIE-SPAN VAN JA MALHERBE



*Die 0/7 Bulletjie-span van die JA Malherbe Primêre Skool hier by 'n rugbytoernooi by Jordania. By hulle is hulle afrigters, mnr Nico Kruger en mnr Bokkie Bosman, die skoolhoof.*




# VRAGMOTOR REMME GEE MEE



*'n Swaarvoertuig vol sonneblom is oor 'n afgrond by die T-aansluiting van die Vegkop/Frankfort pad. Volgens die drywer was hy onderweg na Randfontein met die vrag sonneblom toe die voertuig se remme by die T-aansluiting gefaal het. Die voertuig is gevolglik oor die pad en teen die hoogte van sowat 5 meter af. Gelukkig is die drywer nie ernstig beseer nie, maar die vrag van meer as 30 ton was op die grond. Mnr. Arnold Engelbrecht het die kontrakteur gehelp om van die saad te herwin. Die ongeluk het die aand van 19 Mei plaasgevind.*

# BETREKKING • BETREKKING

## VAKANTE BETREKKING - KUDDEBESTUURDER

### SKAAP- & BEESBOERDERY • PETRUS STEYN DISTRIK

Vereistes:
- Toediening van inentings en doserings.
- Merk, kastreer, tatoëer en brand van diere.
- Identifisering en behandelig van alle siektes.
- Volledige rekordhouding van alle inentings, doserings, siektebehandeling asook lam- en kalfrekords.
- Weeklikse getalopnames van alle diere op ongereelde tye.
- Voorsiening van lekke en kragvoer soos van toepassing.
- Skaaplamhokke en kleinkamp lambestuur.
- Skeer en bestuur van wolskeersel.

Kwalifikasies:
- Eerlik en toegewyd ten alle tye.
- Hardwerkend met ten minste 5 jaar ondervinding.
- Ouderdom tussen 23 jaar tot 45 jaar.
- Netheid - presies op alles!
- Meganiese kennis en herstel - onderhoud van windpompe, damme, waterkrippe, draadspan, hekke.
- Herstel trekkers en implemente waar van toepassing - raaksien en regmaak van alles wat foutief is.
- Moet onafhanklik kan funksioneer en organiseer.
- Bereid wees om lang ure te werk, lam- en kalftyd verg ekstra ure sowel as Saterdae en Sondae.
- Respek kan verdien by plaaswerkers.
- Moet volledige verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur van arbeid en uitdeel van pligte.

Voordele:
- Gratis gerieflike woonhuis.
- Mededingende salaris met verlofvoordele.
- Termynkontrak.
- Voertuig vir werksdoeleindes word verskaf - Verantwoordelik vir voertuiginstandhouding.
- Goeie laerskool in Petrus Steyn - Hoërskole met koshuis fasiliteite in omliggende dorpe.

**Stuur asseblief CV voor 8 Junie 2022 na enslin.dorothea@gmail.com**
**Kwalifiserende aansoeke sal voor 18 Junie 2022 genooi word vir 'n persoonlike onderhoud.**

# SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 9 | | | 4 | | 7 |
| | | | 5 | | | | 1 | 8 |
| 2 | | | | | 4 | | 9 | |
| | 5 | | 4 | | 1 | | 3 | 9 |
| 6 | | | 2 | 8 | 3 | | | 5 |
| 8 | 4 | | 7 | | 5 | | 2 | |
| | 7 | | 3 | | | | | 4 |
| 9 | 2 | | | | 7 | | | |
| 4 | | 1 | | | 8 | | | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Hendie Lötter* by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za





**Buy-a-Bale**
Make Your Own Cash!

BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!
Overcoats Benoni
97 Princes Ave.
011 845 4769
Call SYDNEY now!
072 885 1999
sales@overcoats.co.za
www.overcoats.co.za
WE DELIVER COUNTRY WIDE
OVERCOATS



SUNDAY 19 JUNE 2022

Heilbron Eiendomme
VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF
www.heilbron-eiendomme.co.za
Annelize 082 331 9856
Wiam 062 916 0050


## TE HUUR

- 3 Slaapkamerhuis naby skool geleë. Beskikbaar einde Mei. **R5 000 pm** (Water en basiese dienste uitgesluit)

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R





**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047
VLEISSENTRAAL


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BLOEDSKENK DATUMS - 2022**


**26 Julie 2022**
**27 September 2022**
**29 November 2022**


**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
- STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
- PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
- PRIORITY - 2 HOURS – R395.00


Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za


# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


# TE HUUR

## *HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

HERALD Sport

# KOUE EN REËN WAS 'N DEMPER

Die ongure weer verlede Saterdag het gesorg dat net die brawe gholfers opgedaag het vir die NG Suidkerk se gholfdag op Heilbron. Baie spelers het laat weet dat hulle nie kans sien vir die nat, koue toestande nie. Nietemin was daar nog heelwat spelers en is die dag gewen deur Simon Malgas en Sagaria Moholo met 46 punte. Daar was baie pryse en genoeg bokkarkasse op die spel. Die aand se sangfees met Ricus Nel is goed ondersteun en was almal dit eens dat hy 'n uitstekende vertoning aangebied het.

Die geldpot staan op R145 000, met sewe kaarte oor. As jy die gelukkige Grapjas trek, behoort die pot op R160 000 te staan. Daar sal ook kos te koop wees, maar dit moet vooraf by Christelle bestel word.

Die Bokkedag word vanjaar op 2 Julie aangebied. Wat naweek gholf betref, is die HBA maandbeker weer op die spel. Inskrywings is vanaf 11:00.




POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdae: 09:00 - 12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

Eerste keer by 'n Homopaat?
WAT KAN EK VERWAG?
1. Eerste konsultasie duur ongeveer 60-90 minute wat 'n deeglike gevallestudie, fisiese ondersoek en diagnose insluit.
2. Vrae oor u huidige gesondheid, emosionele welstand, liggaamlike funksies, dieet en mediese geskiedenis word gevra.
3. Verwysings vir gespesialiseerde toetse en ondersoeke kan volg indien benodig.
4. Lewensstyl advies, ontleding van huidige chroniese medikasie en nodige aanvullings word bespreek.
5. Meeste Suid-Afrikaanse mediese fondse dek u konsultasie en homopatiese medikasie wat aan u verskaf is.
Dr. Joanita Steenkamp

RIEMLAND Apteek
058 852 1580
Piercestraat 40, Heilbron
Verskeidenheid baba-produkte in voorraad!

the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
Flugon 50 Capsules R99.95
Calpol 100ml Paediatric Suspension R59.95
A. Vogel 120 Echinaforce Junior Chew Tablets R189.95, choicecard R169.95
063 721 4950 | 087 527 0723
platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

hp Printer Cartridges available at Herald Office National
Herald Office National
058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 31 MEI 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 1 JUNIE 2022
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

DONDERDAG - 2 JUNIE 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
HLUHLUWE Twee-maandelikse veiling
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

VRYDAG - 3 JUNIE 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za







Koppies Internet
Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Koppies en naby geleë plase.
Kontak ons vir enige navrae of bystand:
068 338 2916

VIR DIE KOOP, VERKOOP EN VERHURING VAN ALLE EIENDOMME
JH EST. 2008
JANSEN PROKUREURS
EIENDOMME
Tel: 058 852 2816 | Sel: 081 737 4691
E-pos: lit@jansenprokureurs.co.za
PIERCE STR 58 | POSBUS 890 | HEILBRON | 9650